

28 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 3:1–25

Fokusgedeelte: Kolossense 3:11

Christus is alles en in almal

Wat is na alles tog werklik die hoofsaak? Dat Christus alles vir almal is. Elkeen wat saam met Christus gesterf het, het ook saam met Hom opgestaan en het deel aan 'n lewe waarin Jesus Christus alles in almal is. Hierdie unieke kennis maak jou sterk om hier op aarde tot God se eer te leef.

Die mense van hierdie wêreld beskou so 'n lewe egter as 'n teken van mislukking, lawwigheid of 'n vermorsing van tyd en energie.

Die volgelinge van Jesus Christus leef 'n lewe wat die karaktereienskappe het om roem te vermy. Hierdie karaktereienskappe het volgens Paulus te doen met seksuele vergrype (vs 5), of met vergrype wat woede as grondslag het (vs 8). 'n Lewe waarin Christus “alles en in almal” is, is 'n lewe wat van hierdie vergrype afstand doen. Uiteindelik beleef hierdie nuwe mense hoedat almal wat aan die Here behoort, waarlik gelyk is aan mekaar, omdat hulle met die Here een is (vs 11).

Die groot troos en betekenis van Christenwees is die woordjie “alles”: “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee” (Fil 4:13). “En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus” (Fil 4:7). In Christus is alle grense van ouderdom, geslag, kultuur of gebrokenheid in hierdie wêreld oorwinbaar. Al die ander beloftes van die Woord word waar vir hulle wat Jesus hulle “alles en in almal” maak.

As die Here vandag iemand op jou pad plaas vir wie die sin van die lewe vervaag het, wat sal jy vir hom/haar sê? Christus is “alles en in almal”.

Sing: Skrifberyming 35:3

Dr ME Schalekamp (Roodepoort)

